UITNODIGING NA DIE NAGMAAL VAN 14 AUGUSTUS 2011

LEES JOSUA 5:1-15

INLEIDING

Hierdie is 'n historiese vertelling van die laaste reëls wat Josua neergelê het op die vooraand van die besetting van die Beloofde land (Kanaan) deur Israel.

OPMERKINGS

Israel staan op die vooraand van een van die ongelooflikste ervarings en belewenisse – uiteindelik is die Beloofde land voor ons. Al die geswoeg en die gesweet, die ontberinge deur die woestyn - loop nou uiteindelik uit op die groot beloning uit die hand van God. Die opgewondenheid moes hulle oorweldig het.

Josua doen heeltemal die teenoorgestelde as wat verwag is – hy laat die Israeliete verbondshandelinge uitvoer:

- Erken God as die Enige Here **(Vers 1)**
- Besnydenis as toewyding aan God **(Verse 2-9)**
- Die Pasga as terugkyk (wanhoop) en vorentoe kyk (hoop) **(Verse 10-12)**
- Sien die einde waar God oor alles heers **(Verse 13-15)**

ONS NAGMAAL

Nagmaal behoort ook vir elkeen van ons 'n goeie ervaring en belewenis te wees, omdat:

- Dit ons laat fokus op die liefde van God wat ongekend en onbegrens is
- Dit laat ons opnuut besef dat God met elkeen van ons 'n besondere pad loop –van ons geboorte – deur ons groei tyd – tot vandag! Nie altyd maklik en lekker nie – maar altyd saam met God wat hoop en uitkoms bring.

- Dit herinner ons daaraan dat God Sy alles gegee het om ons te red en te verlos van die tragiek van die ou lewe.
- Dit laat ons droom van die dag dat alles in harmonie sal wees – vrede tussen God en mens en vrede onderling.

Nagmaal is by uitstek die geleentheid wat ons as gemeente vier om te sê:

- Here ons bely U as ons enige Here!
- Here ons verbind ons graag aan U as gelowiges
- Here ons is dankbaar dat U ons God is en
- Here ons streef daarna om nou reeds U vrede te geniet en uit te leef teenoor mekaar

UITNODIGING

Jy en jou gesin word uitgenooi om te kom deel in hierdie geleentheid!

GEBED

Here dankie dat ek mag deel wees van U gemeente en dat ons as gemeente deur die Nagmaal mag bely dat U ons Koning en Heiland is. Gee dat ons Nagmaalviering sal wees tot eer van U naam en tot opbou van U gemeente. Amen